# 1. INLEIDING

## 1.1 ORIËNTERING

Deur die eeue heen het die geskiedenis van die wêreld en van volkere bewys dat opvoeding en onderwys 'n voorvereiste vir vooruitgang is. In die proses van vooruitgang stel elke mens, gemeenskap en volk 'n einddoel om na te streef en te bereik. Die einddoel word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke enkeling, gemeenskap en volk bepaal. Dit beteken dat ook die opvoedingstelsel deur die lewens- en wêreldbeskouing bepaal word. Sodoende is die beginsels waarvolgens die opvoeding en onderwys geskied 'n integrale deel van elke gemeenskap en volk se kultuur.[1] Aangesien daar verskillende lewens- en wêreldbeskouinge asook verskillende kultuurgemeenskappe bestaan, is daar verskillende opvoedingstelsels.

Vir die Afrikaner, met sy tradisionele Christelike (i.c. Protestant-Calvinistiese) lewens- en wêreldbeskouing, lê die noodsaaklikheid van die opvoeding en onderwys in die feit dat die mens van nature sondig is en homself in 'n verlore toestand bevind, maar dat die mens hervormbaar is en gered kan word. Daarom moet die mens (kind) opgevoed word tot kennis van sy sonde en kennis van God, sodat die mens tot die geloof kan kom om die wil van die Here te doen en uit genade gered kan word. Hierdie opheffing sluit vir die Calvinis die hele mens in, naamlik die liggaamlike, sosiale, sedelike, geestelike en intellektuele.[2] Die Kerkorde[3] bepaal dat "die Kerkrade oral moet toesien dat daar goeie onderwysers is wat die kinders nie alleen leer lees

---

1) Barnard, S S *Blanke-onderwys in Transvaal in historiespedagogiese perspektief*, p 1.
2) Van Niekerk, W *Evolusie, skepping en Christelik-nasionale onderwys*, p 87.
3) Gereformeerde Kerk *Kerkorde van die Gereformeerde gemeentes in SA*, p 22.

en skrywe en hulle in tale en ander kundighede onderrig nie, maar ook in die Godsaligheid en in die Kategismus". Maar meer nog - vir die Christen-Afrikaner hou die Calvinistiese lewensbeskouing ook 'n Afrikaans-nasionale begronding van die opvoeding en onderwys in.[4] Hierdie tweeledige volkskultuur van die Afrikaner is nie "iets" wat gekoop is nie, maar is die verwerwing van 'n geestelike besitting wat die karakter van die eie en tiperende aan 'n volk dra. Die Afrikaners het (as volk) op Suid-Afrikaanse bodem 'n Boerevolk geword met wortels van Calvinisme, selfbehoud, vryheid en nasionalisme wat die eenheid en gemeenskaplikheid van 'n eie geloof, taal, bodem en politieke soewereiniteit ontwikkel het: dus 'n eie kultuur met 'n eie opvoedingstelsel. Versteurings van en vreemde invloed op hierdie basiese lewensbeskouing en volkskultuurwaardes in die algemeen, en die opvoedende onderwysbeginsels in die besonder, het die Christelik-nasionale onderwysbeweging vanaf 1902 tot gevolg gehad.

## 1.2 TAAKSTELLING

Na die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) is privaat Christelik-nasionale skole gestig as uitvloeisel van die Christelik-nasionale onderwysbeweging. In die Christelik-nasionale skole het die opvoedende onderwys van die Christen-Afrikanerkind in ooreenstemming met die Christelik-nasionale beginsel plaasgevind. Die meeste van die Christelik-nasionale skole het egter as gevolg van finansiële probleme en die invloed van die Smutsonderwyswet teen die einde van 1906 óf gesluit óf staatskole geword. Die gebrek aan 'n Christelik-nasionale skool het 'n ernstige leemte by die Christen-Afrikanergemeen-

---

4) Coetzee, J H Blanke Volksontwikkeling in die lig van die Calvinisme. *IBC-studiestuk*, nr 4, p 7.

skap van Potchefstroom laat ontstaan. Ten einde in die behoefte aan 'n Christelik-nasionale skool te voorsien, is die vrye Voorbereidende Skool in 1907 gestig. Die Voorbereidende Skool het in 1915 'n staatskool geword, naamlik Potchefstroom Gimnasium.

Met hierdie studie word gepoog om vas te stel of Potchefstroom Gimnasium as oudste Afrikaanse hoërskool die opvoedingsteorie en praktyk in ooreenstemming met die Christelik-nasionale onderwysbeginsel uitleef en toepas.

## 1.3 HIPOTESE

Daar word algemeen aanvaar dat Potchefstroom Gimnasium in 1907 ontstaan het as uitvloeisel van die Christelik-nasionale onderwysbeweging, om in 'n besondere onderwysbehoefte te voorsien. Die aanname is dat Potchefstroom Gimnasium deur al die jare heen die Christelik-nasionale onderwysbeginsel getrou uitgeleef het en dus as eksponent van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel beskou kan word.

## 1.4 MOTIVERING VIR EN DOEL VAN DIE NAVORSING

As vyfde permanente hoof van Potchefstroom Gimnasium (Januarie 1979 tot Junie 1981) het skrywer kennis gemaak met fragmentariese dokumentasie oor die stigtings- en ontwikkelingsgeskiedenis van dié skool. Daar is 'n gebrek aan volledig geskrewe riglyne oor die gees en rigting van die skool.

Die doel van hierdie navorsing is om deur middel van 'n tematologiese benadering ten opsigte van tydperk en gebeure, die stigting, ontwikkeling, gees en rigting van Potchefstroom

Gimnasium aan die Christelik-nasionale onderwysbeginsel te toets.

## 1.5 TERREINAFBAKENING

Aangesien die Christelik-nasionale onderwysbeginsel al deur vele opvoedkundiges nagevors is, word die ontstaan, betekenis en vestiging van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in hoofstuk 2 slegs in hooftrekke saamgevat ten einde as basis te dien vir die besprekings wat daarna volg ten opsigte van die stigting, ontwikkeling en gees en rigting van Potchefstroom Gimnasium.

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie ondersoek is daar hoofsaaklik van die metode van historiese navorsing gebruik gemaak en relevante gegewens vir die onderhawige vraagstuk is sover moontlik in gesaghebbende bronne opgespoor. Daar is van gepubliseerde en ongepubliseerde primêre bronne gebruik gemaak, naamlik notules, korrespondensiestukke, onderwyswette, skooljoernale, inspeksieverslae, jaarverslae en jaarboeke. Verder is op sekondêre bronne gesteun om byvoorbeeld die versamelde stof oor die Christelik-nasionale beginsel in die onderwys in hooftrekke sinvol te orden en tot 'n logiese geheel te verwerk. Die versamelde gegewens is voorts krities beoordeel, geïnterpreteer en daarna beskrywe. Die benadering van die studie in die geheel, sowel as die onderafdelings, is inleidend, aanleidend, gebeurlikheidsbeskrywend en konkluderend.

## 1.7 DIE PROGRAM VAN ONDERSOEK

Na hierdie inleidende hoofstuk word daar in die tweede hoofstuk die oorsprong, vestiging en bestendiging van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in hooftrekke weergegee. Die invloed van verengelsing en die Christelik-nasionale onderwysbeweging en -stryd wat daarop gevolg het, word kortliks vermeld, asook die implementering van die Nasionale Onderwysbeleid in 1967.

In hoofstuk 3 word die algemene onderwysgeskiedenis van Potchefstroom tot voor die stigting van Potchefstroom Gimnasium in hooftrekke weergegee om as agtergrond en aanloop te dien tot die stigting van die Voorbereidende Skool in 1907 as voorloper van Potchefstroom Gimnasium.

Vervolgens word die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium in hoofstuk 4 so volledig moontlik beskrywe, terwyl die gees en rigting van dié skool in hoofstuk 5 aan die orde kom.

In hoofstuk 6 word die besondere bydrae van verskillende persoonlikhede tot die stigting, ontwikkeling, gees en rigting van die skool aangetoon en in die laaste hoofstuk volg die evaluering en gevolgtrekking.

## 1.8 BEGRIPSBEPALINGS

Daar word vervolgens 'n verduideliking gegee van enkele belangrike begrippe wat in hierdie verhandeling gebruik word.

### 1.8.1 Gimnasium

Die woord *gymnasium* (gimnasium) is die naam wat in Nederland, Duitsland, Oostenryk en Switserland aan sekondêre skole ge-

gee is waarin onder andere Latyn, Grieks en Wiskunde aan leerlinge wat ses of meer vakke geneem het, onderrig is as voorbereiding vir universiteitstudie. In ander lande is name soos *college* en *grammar school* (Engeland), *lycée* (Frankryk) en *athenée* (Griekeland) aan dusdanige skole gegee.[5)]

In Suid-Afrika is die benaming *gimnasium* aan enkele sekondêre skole gegee waar dit bedoel was om ooreenstemmend met die model soos dit in Europa gebruik was, te wees. Die Stellenboschse Gimnasium was een van die skole wat in Suid-Afrika alreeds in 1864 só genoem is.[6)] Die leerlinge van 'n gimnasium staan as *gimnasiaste* bekend.[7)]

Die oorsprong van die woord *gimnasium* dateer uit die tydperk van ou Griekeland waar dit 'n plek of gebou aangedui het waar vir die liggaamsontwikkeling van die seuns voorsien is. Later is hierdie plekke ook vir vergaderings en vir die onderwys van die meer intellektueles gebruik. "Die beroemdste gimnasia was dié van Athene, naamlik die Akademie, Lyceum en die Cynosarges waarmee die filosowe Plato, Aristoteles en Anthisthenes en hûlle stelsels, ... in verband gebring is."[8)] Die woord *gimnasium* word ook gebruik om die gimnastieksaal aan te dui.

Wat hierdie studie betref word met *gimnasium* 'n voorbereidende sekondêre skool vir universiteitstudie bedoel.

---

5) Schoonees, P C (red) *Die Afrikaanse woordeboek*, dl III, p 266.
6) Nell, W L *Onderwys op Stellenbosch 1806-1866*, p 312.
7) Schoonees, *loc.cit.*
8) *Loc.cit.*

### 1.8.2 Eksponent

In die Wiskunde is die *eksponent* die syfer wat aandui hoeveel maal die grondtal herhaal word; dus die magsaanwyser. Anders dien *eksponent* as voorbeeld van iets, of dit verteenwoordig 'n voorstel, beleid, sienswyse of beginsel. Daar kan byvoorbeeld gesê word dat Italië die vernaamste *eksponent* van die Fiscisme was,[9] en dat Rusland die vernaamste *eksponent* van die kommunisme is.

In hierdie studie word met *eksponent* die voorbeeld van 'n beginsel bedoel.

### 1.8.3 Christelik

Christus is die "ampsnaam" van die Verlosser, die Seun van God drie-enig en sy volgelinge is Christene,[10] dit wil sê mense wat in Christus as die Seun van God en as Verlosser glo.[11] Christene is dus mense wat 'n Christelike lewensbeskouing huldig en in die koningskap van Christus op alle lewensterreine glo.[12] Daarom word die taak wat Christene op alle lewensterreine verrig, byvoorbeeld in die kerk, skool, politiek, ensovoorts deur die begrip *Christelik* aangedui.[13] In die reformatoriese denke dui

---

9) Schoonees, *op.cit.*, dl II, p 504.
10) Barnard, S S Christelik-nasionale onderwys en onderwysersopleiding soos dit op die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 gegrond is. *Fokus* nr 2, Junie 1980, p 1335.
11) Schoonees, *op.cit.*, dl I, p 608.
12) Schoeman, P C Die "Christelik-nasionale beginsel in die onderwys" en die gevare verbonde aan "akkommodasiedenke." *Fokus* nr 4, November 1980, p 1486.
13) Barnard, S S Christelik-nasionale onderwys en onderwysersopleiding soos dit op die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 gegrond is. *Fokus* nr 2, Junie 1980, p 1335.

*Christelik* op die Christelike religie, met ander woorde die totale motief en dryfkrag van die mens in die rigting van sy Skepper en Verlosser.[14] "Die grondslag van hierdie belydenis is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, dat God die Wetgewer is vir alles wat bestaan en dat sy ordinansie vir alles geld. God is absoluut soewerein oor alles wat Hy geskep het - ook oor die mens in al sy handelinge (insluitende sy opvoedings- en onderwyshandelinge.)"[15] Dit is dus Skrifgefundeerd om van 'n Christelike kerk, 'n Christelike huisgesin, 'n Christelike volk en 'n Christelike skool te praat.[16]

Met *Christelike skool* word 'n skool bedoel wat Christelik georiënteerd is omdat Godsdiensbeoefening en aanbidding daarin 'n ereplek inneem; dat die Bybel die belangrikste boek is waarmee die kind behoorlik kennis maak deur Godsdiensonderrig en dat die vertolking en aanbieding van alle sekulêre vakke teen die agtergrond van 'n Skriftuurlike grondmotief en deur Christengelowige onderwysers geskied.[17]

Vir die doel van hierdie studie word *Christelik* as 'n lewensbeginsel vertolk en bedoel om in ooreenstemming te wees met die Calvinistiese beskouing en die gereformeerde belydenis soos dit in die Belydenisskrifte van die Afrikaanse kerke vervat word en wat die einddoel in die opvoedende onderwys bepaal.

---

14) Schoeman, *op.cit.*, p 1488.
15) Barnard, S S Christelik-nasionale onderwys en onderwysersopleiding soos dit op die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 gegrond is. *Fokus* nr 2, Junie 1980, p 1339.
16) *Ibid.*, p 1335.
17) Schoeman, *op.cit.*, p 1496.

1.8.4 Nasionaal

*Nasionaal* beteken die liefde by die indiwidu, gemeenskap en volk vir die eie vaderland, moedertaal, kultuurerfenis, vaderlandse geskiedenis, volkshelde en kennis van en liefde vir die nasionale simbole; dit wil sê *nasionaal* beteken 'n sterk, vurige vaderlandsliefde.

Die nasionale karakter van die opvoeding en onderwys beteken dat daar in die opvoeding en onderwys uitvoering gegee word aan die voorgenoemde eienskappe; dat dit alles aan die kind, die landsburger van môre, geleer word. Slegs uit kennis, erkenning en waardering van die eie vaderland, taal en volkskultuur word 'n gees van patriotisme, lojaliteit en verantwoordelikheid vir die vaderland, volk en simbole aangeleer.[18)]

Die nasionale grondslag (nie beginsel nie) van die onderwys in Transvaal kan vertolk word as die onbaatsugtige diensbaarheid van die enkeling aan die gemeenskap. Die verering, bewaring of handhawing van die volkstradisie het karaktervormende waarde en daarom moet elkeen offervaardige liefde vir die vaderland aanleer.[19)] Die gees van nasionalisme gee 'n volk sy vorm om deur geslagte heen 'n bepaalde staatkundige instelling (vryheid) te idealiseer en om selfs daarvoor te sterf. "Die geskiedenis van die 19e eeu het geleer dat die bindkrag van nasionalisme die kragtigste en voordeligste in die politieke sfeer en gemeenskap is."[20)]

Vir die doel van hierdie studie word met *nasionaal* (nasionale skool en nasionale onderwys) die grondslag van die skool en

---

18) Barnard, S S Christelik-nasionale onderwys en onderwysersopleiding soos dit op die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 gegrond is. *Fokus* nr 2, Junie 1980, p 1343.

19) Snyman, J J '*n Histories-kritiese studie van die Smutsonderwyswet van 1907*, p 371.

20) *Ibid.*, p 168.

opvoedende onderwys bedoel wat binne die Christelike beginsel die kind vaderlandsliefde leer.

1.8.5 Christelik-nasionaal

Die begrip *Christelik-nasionaal* word sō geskryf omdat die Christelike beginsel die nasionale karakter bepaal en kwalifiseer, want die swaartepunt lê by Christus, omdat Hy die hele samelewing - ook die opvoeding en onderwys - bepaal; met ander woorde, *Christelik-nasionaal* is 'n "twee-eenheidsbegrip omdat Christus en 'n kultuurgemeenskap nie in 'n dualisme uitmekaar gehou kan word nie."[21)]

1.8.6 Beginsel

Die begrip *beginsel* beteken grondslag, byvoorbeeld die beginsel (grondslag) van die Rekenkunde. Dit kan egter ook 'n sisteem of stelsel beteken, byvoorbeeld "die beginsel van beveel en gehoorsaam is van baie belang op militêre gebied."[22)] Die oorsprong van die begrip word in Psalm 111 vers 10 gevind, naamlik "Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid". 'n *Beginsel* kan dus gedefinieer word as die vaste vertrekpunt afgelei uit die bron van 'n mens se sekerheid; in die geval van die Christen dan die Skrif as die Woord van God. Vir die doel van hierdie studie beteken *beginsel* 'n lewensreël wat op oortuiging en geloof gebaseer is.

---

21) Barnard, S S Christelik-nasionale onderwys en onderwysersopleiding soos dit op die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967 gegrond is. *Fokus* nr 2, Junie 1980, p 1335.
22) Schoonees, *loc.cit.*, dl I, p 355.

## 1.9 SLOTOPMERKING

Dié verhandeling handel oor 'n bepaalde sekondêre skool, naamlik Potchefstroom Gimnasium - bekend as die oudste Afrikaanse sekondêre skool. Potchefstroom Gimnasium het in 1907 ontstaan as gevolg van die Christelik-nasionale ideaal en deur al die jare heen 'n besondere bydrae gelewer met betrekking tot die voorsiening van opvoedende onderwys aan Christen-Afrikanerkinders.

In die volgende hoofstuk word die oorsprong, vestiging, bestendiging en betekenis van die Christelik-nasionale onderwysbeginsel in hooftrekke behandel. Dit word as noodsaaklik beskou om eers die Christelik-nasionale onderwysbeginsel te behandel voordat die stigting en ontwikkeling van Potchefstroom Gimnasium beskryf word, omdat dit die grondslag vorm van die stigting van die skool en sy besondere bydrae tot die opvoedende onderwys.